FANIE BEKKER
Waarnemende Hoof
Uitvoerende Beampte

"Die lewe moet vorentoe geleef word, maar kan net terugskouend verstaan word."
Soren Kierkegaard

Verslag deur die Verslagdoenende Beampte

aan die Uitvoerende Gesag en Provinsiale Wetgewer van die Wes-Kaap

ALGEMENE OORSIG

CapeNature glo dit het 'n visioenêre aanslag tot die hantering van uitdagings rondom bewaring in die Wes-Kaap. Hierdie visie spruit voort uit 'n besef van die belang, omvang en kompleksiteit van die uitdagings ten opsigte van biodiversiteitsbewaring, en word gekombineer met 'n insig oor die desperate behoefte vir volhoubare sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Hierdie 2005/2006 bestuursoorsig het ten doel om die leser deel te maak van hierdie visie – onder die vaandel van "Die pad vorentoe" – en om ook verslag te doen van die talle pogings en inisiatiewe – onder die titel "Terugskouend" – wat daarop fokus om hierdie visie te beliggaam.

"Die pad vorentoe"... ons visie

Die ontluiking van die Bewaringsekonomie

CapeNature se trotse geskiedenis van leierskap en diens ter bevordering van bewaring is reeds oor meer as vyftig jaar opgebou. Dit word beskou as 'n leidende biodiversiteitsbewaringsgesag in Suid-Afrika en het 'n sleutelrol gespeel in die formulering van bewaringsbeleid en bestuurstrategieë. Die uitdaging vir die toekoms is hoe om ons ervaring ten beste te benut terwyl ons daarmee saam slyp aan ons strategie wat 'n suksesvolle toekoms kan verseker.

Voorheen het ons baie gedink en gewerk soos voogouers, volgens die beginsel van "dit is jou land; ons sorg maar net daarvoor". Dit is weldra vervang met 'n meer moderne paradigma van "biodiversiteitsbewaring". CapeNature het meer onlangs tot die besef gekom dat biodiversiteitsbewaring relevant is vir die hele sosio-ekonomiese spektrum van die Wes-Kaapse gemeenskap – alle burgers, insluitend diegene in die stede en op die platteland; alle vorme van ekonomiese aktiwiteit; en alle geografiese gebiede, hetsy beskermd, publieke of private grondgebied. Saam met hierdie besef het ook die bewustheid gekom dat biodiversiteitsbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling onontwarbaar ineengeskakel is.

CapeNature se visie het hieruit voortgevloei om in die Wes-Kaap 'n suksesvolle "Bewaringsekonomie" te laat realiseer. Dit moet alle burgers van die Wes-Kaap insluit en die respek van bewaringsligame wêreldwyd afdwing. Die term "bewaringsekonomie" moet nog formeel gedefinieer word, maar in die algemeen word dit beskryf as 'n ekonomie waarin al die rolspelers die kardinale belang van biodiversiteitsbewaring omarm en ter bevordering daarvan kern biodiversiteitsbeginsels en praktyke deel maak van alle ekonomiese aktiwiteite.

Die wesenlike kern hiervan is egter dat CapeNature voortgaan om die Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap te ontwikkel – deur die talle fasette van die plaaslike ekonomie vanuit die perspektief van biodiversiteitsbewaring te verstaan, en dit te gebruik om bloudrukke of riglyne vir integrasie op alle vlakke van ekonomiese ontwikkeling en beplanning in te stel.

In die praktyk is dit egter so dat die uitdagings om hierdie Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap tot stand te bring, veel groter is as wat CapeNature se bestuursmandaat en kapasiteit daarvoor toelaat. Dit is egter nie groter as sy passie vir hierdie saak nie. CapeNature sal voortgaan om die wye verskeidenheid van rolspelers byeen te bring vir die belangrike en voortdurende gesprek oor hoe om 'n Bewaringsekonomie te kan vestig. Dit moet nie net al die huidige burgers van die Wes-Kaap dien nie, maar ook die toekomstige generasies.

Indien biodiversiteitsbewaring in die Wes-Kaap nie daarin sou slaag om die krities belangrike lewensondersteunende sisteme te onderhou nie, sal dit ongetwyfeld katastrofiese sosio-ekonomiese gevolge inhou vir al die burgers van hierdie streek en vir toekomstige geslagte. Onder die lewegewende sisteme tel gesonde wateropvangsgebiede waarin brandbestuur in plek is en waarin die impak van klimaatsverandering goed verstaan en gereflekteer word in hulpbronbestuurstrategieë.

'n Visie wat meer as net biodiversiteitsbewaring omvat

'n Suksesvolle Bewaringsekonomie sal grootliks afhang van die mate waartoe die verskillende gemeenskappe van die Wes-Kaap CapeNature se visie aangryp. Talle van hierdie gemeenskappe het ryke en unieke tradisies, wat beskerm moet word indien ons ons sosiale onderbou wil versterk. CapeNature wil nie net sy bewaringsdoelwitte bereik nie, maar ook hierdie tradisies beskerm.

'n Voorbeeld hiervan is die ooreenkoms wat onlangs bereik is met tradisionele geneeshere en Rastafariërs van die Drakensteingebied. Hiervolgens is toegang tot die Limietberge aan hulle gegee vir die uitvoering van kulturele en geestelike seremonies. Die verstandhouding is dat die natuurskoon van die reservaat gerespekteer sal word. CapeNature is van mening dat bewaringspraktyke nie net biodiversiteit moet omvat nie, maar ook hierdie tipe gemeenskaplike tradisies moet insluit. Daarom is ons besig met samesprekings – en om te besin – in terme van "biokulturele bewaring".

Dit is CapeNature se strewe om bekend te staan as die erkende outoriteit op die gebied van die bewaring van bio(kulturele) diversiteit in terme van alle aspekte van ekonomiese aktiwiteit in die Wes-Kaap.

'n Ooreenkoms is onlangs met tradisionele geneeshere en Rastafariërs van die Drakensteingebied bereik.

"Terugskouend"... 'n oorsig van operasionele aktiwiteite

Die strategiese operasionele aanslag om 'n Bewaringsekonomie te bou

Daar is geweldig baie op die spel ten opsigte van biodiversiteitsbewaring in die Wes-Kaap. Daarom is dit van kardinale belang dat CapeNature se programme wat fokus op biodiversiteitsbewaring vanuit die beginsel bestuur sal word dat die regte dinge (vanuit 'n perspektief van biodiversiteitsbewaring) op die regte manier gedoen moet word sodat die maksimum sosio-ekonomiese voordele gelewer kan word.

Wetenskaplike kundigheid oor biodiversiteitsbewaring

Daarom begin CapeNature se operasionele strategie met die versekering dat sy projekte en inisiatiewe gebaseer is op 'n indiepte kennis oor die kernkwessies van biodiversiteitsbewaring in die Wes-Kaap. Hierdie kennis en operasionele kundigheid is oor tientalle jare opgebou. CapeNature is trots op die rol wat dit reeds gespeel het op die gebied van bewaringsbeplanning en -bestuur – op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

Sosio-ekonomiese ontwikkeling

Hierdie aspek van CapeNature se operasionele strategie spruit uit die realiteit dat biodiversiteitsbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling onontwarbaar ineengeskakel is. Daarom word alle programme binne CapeNature geëvalueer op grond van hul voordele vir sosio-ekonomiese ontwikkeling voordat hulle goedgekeur word. 'n Baie gefokusde strategie is gedurende die afgelope jaar binne CapeNature van stapel gestuur om te verseker dat alle personeellede, vennote en kliënte hierdie paradigma verstaan, inkoop daarin en eienaarskap daarvan neem. Dit is nie 'n strategie wat CapeNature op sy eie kan deurvoer nie. Ons sien onsself as fasiliteerders van 'n proses waardeur die vernuf, ondervinding en kundigheid van al ons gemeenskappe en vennootskappe saamgesnoer en gemobiliseer word om ons visie te kan bereik.

CapeNature se Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogramme (PEO), insluitend Brandbestuur en Indringerspesiebestuur, het nie net die krities belangrike doelwitte rondom biodiversiteitsbewaring suksesvol aangespreek nie, maar het ook wesenlike werkgeleenthede en kanse tot opheffing vir talle werklose en benadeelde lede van plaaslike gemeenskappe verseker. Die ekonomiese benutting van bewaringsgebiede deur toerisme en ontspanning het 'n direkte positiewe impak op die ontwikkeling van landelike werkgeleenthede en die sosio-ekonomie, en is ook 'n belangrike deel van CapeNature se strategie.

Vennootskappe

Die uitdaging om 'n suksesvolle Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap tot stand te bring is veel groter as CapeNature se kapasiteit om dit te kan bereik. 'n Sleutelkomponent van ons operasionele strategie is daarom om suksesvolle vennootskappe daar te stel en te bestuur tesame met gepaste rolspelers binne en buite die Wes-Kaap.

'n Belegging in ons jeug

Jeugontwikkeling is nog 'n sleutelelement van CapeNature se operasionele strategie. Hierdie ontwikkelingsprogram van ons sosiale kapitaal is gewortel in die besef dat die toekoms in die hande van die jeug lê. CapeNature glo dit het 'n plig om by te dra tot die toerusting van jongmense sodat hulle hierdie mantel van verantwoordelikheid kan dra. Dit kan gedoen word deur 'n liefde vir die natuur aan hulle oor te dra, en deur lewensvaardighede te verskaf wat nie net jongmense sal toerus om 'n positiewe bydrae tot biodiversiteitsbewaring te maak nie, maar om ook meer effektiewe spelers in die arbeidsmark te wees.

Die vermoë om te kan lewer

Dit is 'n enorme uitdaging om 'n suksesvolle en volhoubare Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap op te bou. Dit vereis deeglike beplanning en effektiewe lewering op verwagtinge. In hierdie opsig is CapeNature trots op sy pragmatiese aanslag. Ons het ontwikkel tot een van die mees suksesvolle implementeringsagentskappe, wat 'n sleutelrol speel in die suksesvolle realisering van die Bewaringsekonomie en Ikapa Elihlumayo.

Die Bou van ‘n Bewaringsekonomie – vordering gedurende die afgelope jaar

Dit is CapeNature se verantwoordelikheid – beide direk en indirek – om alle kwessies rondom biodiversiteitsbewaring regdeur die Wes-Kaap aan te spreek. In terme van hierdie mandaat identifiseer CapeNature van tyd tot tyd prioriteite wat dringende aandag verlang, en wat, indien dit nie suksesvol aangespreek word nie, ‘n ernstige bedreiging inhou vir die Wes-Kaapse ekonomie en daarom ook die lewenskwaliteit van die meeste van sy inwoners.

Huidige prioriteite

Die eerste prioriteit is die bewaringsbestuur van die drie biome wat binne die Wes-Kaap val, met ‘n spesiale fokus op die Kaapse Planteryk. Hierdie biome is onder druk weens menslike aktiwiteit en word deur internasionale bewaringskenners gereken as bewaringsknelpunte (“hotspots”). Die meeste programme waaroor vervolgens gerapporteer word, fokus op verskillende aspekte van biodiversiteitsbewaring binne hierdie biome.

Die tweede prioriteit fokus op die bestuur van waterbronne in die Wes-Kaap in die algemeen. ‘n Sterk klem val op die bergopvangsgebiede, wat sowat 60% van die Wes-Kaap se drinkbare water verskaf maar terselfdertyd onder geweldige druk verkeer. Hierdie kwessie is onlangs aangespreek gedurende ‘n hoë-vlak verslag wat deur CapeNature uitgereik is[1] en voorgelê is aan die Wes-Kaapse Regering. CapeNature se rol as bestuurder van die Wes-Kaap se wateropvangsgebiede is ‘n steutelaspek ter bereiking van die versnelde gedeelde groeistrategie. CapeNature se uiters belangrike rol in die bestuur van brande, veral in die lig van klimaatsverandering en die verhoogde risiko van ‘n groter voorkoms van meer wydverspreide en intense veldbrande, bevestig die feit dat die organisasie se impak groter as net die bewaring van biodiversiteit is.

Huidige programme

CapeNature bestuur ‘n wye reeks van programme waarby verskeie subprojekte ingeskakel is. Daar word vervolgens oor sleutelprogramme verslag gedoen.

1 ONTWIKKELING VAN CAPENATURE SE WETENSKAPLIKE KUNDIGHEID EN VAARDIGHEIDSBASIS

Dit is baie belangrik om te weet wat die huidige stand van sake is, waar dit voorkom en waarom dit plaasvind sodat gepaste intervensies ontwikkel kan word. Daarom was die voortgesette ontwikkeling van CapeNature se kennisbasis oor biodiversiteit nog altyd ‘n prioriteit.

Die “Stand van Biodiversiteit” projek is ‘n belangrike inisiatief in die ontwikkeling van hierdie kennisbasis. Dit is sedert 1998 in werking, met die eerste belangrike verslag wat in 2002 die lig gesien het. Die volgende omvattende verslag word in 2007 verwag. Die projek is goed op dreef en het reeds begin om waardevolle informasie te lewer. Wanneer dit voltooi is, sal dit ‘n omvattende oorsig van die stand van die Wes-Kaapse biodiversiteit bied. Op sy beurt sal dit CapeNature bystaan om sy inisiatiewe meer effektief te kan fokus, aangesien waardevolle informasie oor biodiversiteit verskaf kan word aan alle rolspelers wat betrokke mag wees in maniere om die Wes-Kaap se unieke biodiversiteit meer volhoubaar te bestuur. CapeNature kombineer hierdie kennisbasis met sy Geografiese Informasiestelsel en het ‘n Biodiversiteitsbestuur Informasiestelsel ontwikkel wat aan bewaringsbestuurders opgedateerde en gedetailleerde gelokaliseerde inligting oor biodiversiteit verskaf. Hierdie stelsel fasiliteer beslis meer effektiewe bewaringsbestuur. Hierdie inligting is ook van onskatbare waarde vir die uitbreiding van biodiversiteitsbewaring deur bewaringsvoogdyskappe na grond in privaatbesit, aangesien gedetailleerde informasie aan grondeienaars verskaf kan word oor die aard van die biodiversiteit wat op hul eiendom voorkom.

Hierdie informasiebestuurstelsel het reeds sy waarde bewys, en is reeds in gebruik geneem deur vyf ander provinsiale bewaringsliggame. Dit word ook tans uitgerol na die Noordwes Provinsie, met die Noord-Kaap wat sal volg.

2 BRANDBESTUUR

Gereelde en grootskaalse brande hou tans die mees kritiese bedreiging vir die Kaapse Planteryk in. Die voorvalle van onbeheerde brande in sensitiewe fynbosgebiede styg steeds jaar na jaar, grootliks as gevolg van:

- Druk van ‘n bevolking wat vinnig uitbrei, veral in informele nedersettings
- Klimaatsveranderinge wat warmer temperature en langer brandseisoene veroorsaak
- Verspreiding van indringerplantegroei wat geweldig baie brandbare materiaal beskikbaar stel.

Meer as 100 onbeheerde veldbrande het gedurende die 2005/2006 brandseisoen voorgekom in beskermde fynbosgebiede wat deur CapeNature in die Wes-Kaap bestuur word. Dit word algemeen aanvaar dat vuur ‘n belangrike deel van die natuurlike ekosisteem is waardeur die volhoubaarheid en evolusie van fynbos verseker kan word. Weens die toenemende voorkoms van onbeheerde veldbrande brand sekere gebiede egter meer gereeld binne veel korter siklusse as wat natuurlik sou voorkom. Te gereelde brande sal negatiewe, en moontlik selfs katastrofiese gevolge inhou vir die gespesialiseerde fynbosekosisteem.

Om hierdie rede beskou CapeNature brandbestuur as een van sy mees belangrike funksies, en het die organisasie ‘n tweeledige aanslag hieroor:

- Elke bewaringsbestuurder regoor die Wes-Kaap is verantwoordelik vir die plaaslike bestuur van brande, insluitend:
  - Die voorkoming van brande: plaaslike beplanning, publieke bewusmaking en opvoedingsprogramme
  - Brandbeskerming: die instandhouding van brandgordels; die opleiding van brandbestrydingspersoneel
  - Die bestryding van veldbrande in plaaslike gebiede.

- Belangrike ondersteuning word verskaf deur ‘n sentrale brandbestuursprogram, wat verantwoordelik is vir die voortgesette ontwikkeling van brandbestrydingsbeleidstukke, opleidingsmateriaal en die bestuur van sleutelvennootskappe en gespesialiseerde ondersteuningskontrakte vir brandbestryding met ‘n lugmagvleuel.

Die harde werklikheid is egter dat CapeNature se vermoë om sy verantwoordelikhede ten opsigte van brandbestryding na te kom, wesenlik beperk is – op beide plaaslike vlak sowel as op die sentrale ondersteuningsvlak. Dit veroorsaak dat die oorhoofse bedreiging van die Kaapse Planteryk weens brande op die langtermyn die hoogste nog is. Danksy die finansiële ondersteuning van die Provinsiale Regering en die noue skakeling met ons vennote is CapeNature besig om ‘n uitgebreide Geïntegreerde Brandbestuurstrategie op te stel ter voorbereiding van die volgende brandseisoen.

Voortgesette aktiwiteite rondom brandbestuur sluit in:

Ontwikkeling van vennootskappe:
CapeNature het ‘n volgehoue uitstekende werksverhouding met die Nasionale Openbare Werke program Werk op Vuur. Elf van die 44 nasionale basisse vir brandbestrydingsveldspanne is op reservate van CapeNature gesetel.

[1] Bekker et al. Desember 2005: CapeNature, the Manager of the Western Cape’s Natural Capital Portfolio. Interne verslag voorgelê aan die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap.

CapeNature gaan voort om bykomende vennootskappe te ondersoek om sy kapasiteit rondom die uitdagings van brandbestuur te ondersteun.

Opleiding:
Weens die belangrike maar gevaarlike aard van brandbestryding poog CapeNature om basiese en gevorderde opleiding, sowel as verfrisserkursusse, aan te bied waardeur bewaringsbestuurders op grondvlak beter toegerus kan wees.

Beleid en riglyne oor brandbestuur:
Hierdie belangrike dokument word jaarliks opdateer om riglyne en interpretasie aan bewaringsbestuurders te verskaf oor alle kwessies rakende brandbestuur.

Branddata bestuursprojek:
Die Branddata Bestuursprojek word deur die Wêreldbank befonds (onder die vaandel van die C.A.P.E. projek). Teen Junie 2006 sal dit ‘n uitgebreide geskiedenis van al die brande wat in die Wes-Kaap aangeteken is verskaf. Die databasis sal 95% betroubaar wees en die basis vorm vir navorsing oor kritiese vraagstukke oor die impak van die brandregime op biofisiese prosesse.

3 BESTUUR VAN INDRINGERSPESIES

Uitheemse indringer flora en fauna bedreig nie net biodiversiteit nie, maar ook ekonomiese prosesse. Indringerplante bedreig die Wes-Kaapse waterbronne weens hul verspreiding na die bergopvangsgebiede, riviersisteme en vleilande. Dit verskaf groot hoeveelhede brandbare materiaal vir veldbrande (soos reeds hierbo genoem), en het ‘n impak op endemiese en bedreigde flora.

Die presiese vlak van infestasie in gebiede onder beheer van CapeNature word tans bepaal. Die resultate hiervan sal in die volgende finansiële jaar bekend gemaak kan word. Dit is egter duidelik dat, ten spyte van huidige inisiatiewe, die oorhoofse vlakke van infestasie besig is om te styg.

Onder die vaandel van die Nasionale Werk vir Water Program is R17 miljoen spandeer om sowat 112 281ha uitheemse plantegroei in die Wes-Kaap gedurende hierdie verslagperiode uit te roei. In die proses is 97 kontrakteurs opgelei en toegerus. Hulle het nou hul eie geregistreerde besighede, en verskaf elkeen gemiddeld aan elf mense werk. Vroue maak 52% van hierdie kontrakteurs en werkers uit. CapeNature beplan om hierdie syfer na 60% op te skuif in die onmiddellike toekoms.

Sosiale kwessies soos vigs word ook aangespreek gedurende tegniese opleidingsessies wat aan hierdie kontrakteurspanne gebied word. Planne is ook in die pyplyn om opleiding in breër lewensvaardighede te verskaf, insluitende tuistegebaseerde versorging van verswaktes. Die totstandkoming van hierdie klein besighede het ook voordele ingehou vir die plaaslike ekonomië deur die verskaffing van goedere en dienste.

Uitheemse fauna, soos eksotiese visse, verdring endemiese spesies en verlaag die kwaliteit van water in damme en riviere. In vennootskap met boere, die gemeenskap en die munisipaliteit het CapeNature daarin geslaag om karp en baars te verwyder uit sekere damme in die Porterville omgewing. Hierdie inisiatief sal ook uitgebrei word na die groter Bergriviergebied. CapeNature gaan hierdie program as ‘n loodsprojek gebruik as voorbeeld vir ander gebiede in die Wes-Kaap.

Nog ‘n opwindende projek saam met die C.A.P.E. vennootskap stel dit ten doel om internasionaal aanvaarde metodes te gebruik om uitheemse indringervisspesies uit sekere riviere en sytakke te verwyder. Indien dit suksesvol is, sal dit ‘n reuse deurbraak wees in die bestryding van die wesenlike bedreiging wat uitheemse indringervisspesies vir ons baie spesiale akwatiese ekosisteme inhou.

4 BEWARINGSVOOGDYSKAPSPROGRAM

Die beskerming van kritiese habitat regoor die landskap en die investering in biodiversiteit is kritiese elemente vir die handhawing van ‘n Bewaringsekonomie. Voogdyskapsooreenkomste is die meganisme waardeur beide die openbare en private sektor die beleggings kan maak waardeur die volhoubaarheid van die natuurlike biodiversiteit van die Wes-Kaap verseker kan word.

Konvensionele beskermde gebiede wat deur regeringsagentskappe bestuur word kan nie verseker dat ons ons provinsiale, nasionale en internasionale verpligtinge ten opsigte van biodiversiteitsbewaring suksesvol behaal nie. Omdat 70% van Suid-Afrika se grondgebied in privaat besit is, word CapeNature se progressiewe vennootskapsbenadering ten opsigte van bewaring wyd erken as die enigste opsie waardeur biodiversiteit op gepaste vlakke verseker kan word. Dit is veral die geval vir die hoë diversiteit van die sensitiewe Kaapse Planteryk.

Tans is daar elf kontrakte wat met grondeienaars onderteken is. Hulle is almal op verskillende stadiums van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning se deklarasieproses, en sal almal as provinsiale natuurreservate verklaar word. Dit kom neer op 8558ha van krities bedreigde habitat.

Vier biodiversiteitsbestuursooreenkomste is gefinaliseer en is in die proses om onderteken te word tussen grondeienaars en CapeNature. Hierdie ooreenkomste sal die gepaste bestuur van 3220ha van bedreigde habitat verseker. Die grootste gedeelte hiervan val binne die ernstig bedreigde kategorie. Daarbenewens is ‘n verdere ses kontrakte en sewe biodiversiteitsbestuursooreenkomste in verskillende konsepfases en sal gedurende die volgende verslagperiode gefinaliseer word.

Die profiel van die Voogdyskapsprogram, die algemene ondersteuning van en besef van biodiversiteit en van CapeNature self is aansienlik verhoog in gevalle waar kontrakte die lig gesien het. Weens die omvang van bedreigde habitat en die patroon waarbinne dit oor die landskap heen versprei is, sal dit heelwat tyd neem om die inkoop van grondeienaars tot op verlangde vlakke te verseker. Twee belangrike landskapinisiatiewe of megareservate het egter gevorder met hul bewaringsvoogdyskapspogings tot op so ‘n vlak dat hulle ‘n wesenlike impak kan maak. Dit is veral duidelik in die Sederberge en die Gouritsgebied.

CapeNature se vermoë om wesenlike ondersteuning vir die Bewaringsvoogdyskapsprogram in provinsies soos KwaZulu-Natal, die Noord-Kaap en Mpumalanga te verseker, is opwindend aangesien die positiewe ondersteuning van langtermyn bewaring van kritiese habitat in privaatbesit besig is om te groei. Die drukgroep ter ondersteuning van insentiewe en die ondersteuning van implementeringsagentskappe is besig om uit te brei.

Ander belowende aspekte is die skakeling tussen die Bewaringsvoogdyskapsprogram en die ander ontluikende besigheids- en biodiversiteitsinisiatiewe, onder meer ten opsigte van rooibostee, 4x4 roetes en in die aartappel- en wynbedryf.

Die primêre uitdaging wat te voorskyn gekom het namate die program ontwikkel het, is die stadige pas waarteen kapasiteit binne CapeNature groei om hierdie strategiese prioriteit te kan aanspreek. Nog ‘n uitdaging is die agentskappe se onvermoë om kwaliteit voorligtingspersoneel te behou en ‘n aantreklike beroepspad vir hulle te ontwikkel.

5 DIE SKEP VAN MEGA-BEWARINGSGEBIEDE

CapeNature bestuur ongeveer 18% van die grondoppervlak van die Wes-Kaap in die vorm van verklaarde reservate, bergopvangsgebiede, bewareas en natuurlike erfenisterreine. Die oorgrote meerderheid van hierdie gebiede word

van mekaar geskei deur onder meer grond in private besit, menslike nedersettings en vervoerstelsels. In baie gevalle beteken dit dat die natuurlike migrasieroetes van beide fauna en flora benadeel word. Dit kan met die verloop van tyd lei tot die uitwissing van spesies.

Die uitdaging is dus om gebiede aaneen te skakel sodat hierdie natuurlike migrasieroetes uitgebrei en beskerm kan word – vanaf die kusgebiede al die pad tot by die bergreekse. Een so 'n inisiatief is die Sederberg Korridor, wat poog om die Sederberg bergreeks met die kusvlaktes van die Weskus te skakel danksy 'n reeks van voogdyskappe wat met private grondeienaars gesluit word. 'n Soortgelyke projek word ook onderneem in die Gouritsgebied. CapeNature is ook 'n vennoot in soortgelyke landskapsinisiatiewe in die Tuinroete, die Baviaanskloofgebied en die Agulhasgebied.

Vordering met die ontwikkeling van die Gourits Landskapsinisiatief

Die Gourits Inisiatief het gedurende die verslagperiode vinnige vordering gemaak om die prioriteitsbewaringskorridors rondom die Swartberg Wêrelderfenisterrein met die kusbergreekse te skakel. Talle eienaars van private grondgebied is gewillig om deel te neem aan die stigting van so 'n korridor, en onderhandelinge is reeds in verskeie stadiums. Die doel is om 'n gebied van meer as 100 000ha teen 2009 te kan verseker. Die Departement van Landbou, die provinsiale Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, die Eden Distriksmunisipaliteit en die plaaslike regerings erken en ondersteun reeds die totstandkoming van hierdie bewaringskorridors en het hierdie inligting ingesluit in hul hersiene ruimtelike ontwikkelingsraamwerke. Die Gourits Inisiatief speel duidelik 'n belangrike rol in die ontwikkeling van samewerkende bestuur en om te verseker dat die beste moontlike diens aan die streek se rolspelers gelewer kan word.

Talle loodsprojekte is van stapel gestuur om plaaslike regerings en ander rolspelers te betrek by projekte wat fokus op biodiversiteitsbewaring en fokus op die verskaffing van werkgeleenthede in arm gemeenskappe. Die meeste van hierdie projekte is ontwikkel en geïmplementeer in samewerking met die Departement van Landbou se LandCare afdeling. Ander suksesvolle projekte het gefokus op publieke bewusmaking van die burgerlike samelewing en die onderstreping van die waarde van die drie biodiversiteit "hotspots" wat binne die Gourits Inisiatief domein oorvleuel. 'n Poppeteater is ook in samewerking met Junior LandCare aangebied aan meer as 8500 leerders om hulle te leer oor die streek se biodiversiteit. Leerkragte is ook bemagtig deur die ontwikkeling van doelmatige lesplanne.

Die Gourits Inisiatief het navorsers van sewe plaaslike en oorsese instellings gelok, insluitende die WNNR, wat nou sosiale, ekonomiese en biologiese studies doen met hul eie befondsing, ter waarde van sowat R2.5 miljoen.

Die stimulus van verdere navorsing en die verspreiding van informasie deur die GI Forum is 'n belangrike hulpmiddel waardeur besluitnemers hul kennis en begrip van hierdie voorheen verwaarloosde prioriteitsgebied vir biodiversiteitsbewaring kan uitbrei.

Vordering met die Groter Sederberg Biodiversiteitskorridor (GSBK)

LandCare Areawye Beplanning bied aan plaaslike persone die nodige proses waardeur hulle hul bekommernisse oor hul natuurlike hulpbronne kan bepaal. Hulle kry ook die geleentheid om te besluit wat hul verlangde toekomstige kondisies moet wees, en alternatiewe te formuleer om hierdie doelwitte te bereik.

Dit is die rol van regeringsdepartemente, plaaslike regerings en ander vennote om tegniese en finansiële hulpbronne beskikbaar te stel om hierdie behoeftes op te los en dit te verbeter deur projekte te implementeer. CapeNature het hierdie proses in die GSBK van stapel gestuur. Die uitkoms hiervan was 'n kadastrale 1:10 000 skaal geïntegreerde hulpbronbeplanningskaart. Dit dui die ontwikkelingsintensies van elke grondeienaar vir die volgende vyf tot tien jaar aan, en identifiseer projekte en aksies wat geïmplementeer moet word. Hierdie proses het die gewilligheid van grondeienaars om deel te wees van die stigting van 'n Korridor onderstreep.

Die GSBK span het 'n GSBK Kleinskaalse Skenkingsfonds gestig om die effektiewe deelname van plaaslike gemeenskappe en rolspelers te verhoog en te optimaliseer. Dit word met $100 000 befonds deur die internasionale skenkersorganisasie CEPF (Critical Ecosystem Partnership Fund). Op plaaslike vlak verskaf die fonds finansiële toekennings ten bedrae van R60 000 aan enige burgerlike samelewingsgroep wat innoverende biodiversiteitsaksies van 'n hoë prioriteit binne die GSBK domein wil loods.

Tot op hede het ses projekte befondsing ontvang, wat onder meer insluit:

- Werkgeleenthede en kapasiteitsuitbouing (aanstelling van 'n plaaslike gemeenskapslid as luiperdnavorsingsassistent; sekondering van 'n CapeNature veldwagter tot die GSBK span as omgewingsopvoedkundige)
- Plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur 'n toekenning aan die gemeenskappe van Wupperthal en Suid-Bokkeveld om 'n "Rooibos Erfenisroete" op die been te bring en natuurgebaseerde toerisme te bevorder
- Volhoubare grondgebruikspraktyke (toekennings aan die rooibosindustrie en die 4x4 gemeenskap om "beste praktyke" en volhoubare produksieprosesse saam te stel en te implementeer
- Verskerpte bewusmaking danksy 'n toekenning om 'n gemeenskapsuitruilprogram tussen die Sederberg Korridor en die Baviaanskloof in die Oos-Kaap te fasiliteer.

Die Sandveld Taakspan is een van die taakspanne wat onder leiding van die GSBK Reëlingskomitee funksioneer. Dit is op die been gebring om omgewingskwessies en oplossings in die Sandveldgebied aan te spreek. Baie goeie vordering is gemaak om die somtyds botsende belange van die aartappelboerderyindustrie en die integriteitsbewaring van hierdie baie sensitiewe en bewaringswaardige "hotspot" te versoen.

6 BELEGGING IN ONS JEUG

Een van CapeNature se grootste strategiese doelwitte is om die ontwikkeling van ons jeug te verseker en daartoe by te dra. Daarom is heelparty inisiatiewe in plek.

Die Nasionale Jeugdiensprogram:
Detail is in verlede jaar se jaarverslag gegee oor die suksesse van die 2004 program. CapeNature het daarna uitgesien om voort te gaan met die 2005 ontwikkelingsiklus. Ongelukkig is onderhandelinge met die Umsobomvu Jeugfonds vir befondsing vir die 2005 siklus vertraag en was dit uiteindelik nie suksesvol nie. CapeNature was dus genoodsaak om sy strategie te heroorweeg, wat die loodsing van die volgende ontwikkelingsiklus vertraag het.

CapeNature het egter 'n ooreenkoms met die Departement van Maatskaplike Dienste gesluit om die volgende ontwikkelingsfase op 'n kleiner skaal te befonds. R3 miljoen is reeds as eerste befondsing ontvang. Dit sluit aan by 'n ooreenkoms met die Departement van Openbare Werke vir die opgradering van akkommodasie by Vrolijkheid (McGregor), in Grootvadersbosch (naby Heidelberg) en by Witfontein naby George om gebruik te word vir Jeugleersentrums. Hierdie fasiliteite is geleë in baie arm gebiede. Hulle sal dus die ideale terreine verskaf om kandidate te lok en vanwaar ontwikkelingsprogramme van stapel gestuur kan word. Dit sal ook dien as nuwe bymekaarkomplekke vir skoolgroepe wat deelneem aan omgewingsopvoedkundige uitstappies. CapeNature moet egter nog R2 miljoen insamel om die operasionele koste van hierdie program te kan dek.

Jeugontwikkeling:
CapeNature het voortgegaan om jeugontwikkelingsprogramme aan te bied by sy verskillende sentrums regdeur die Wes-Kaap. Dit sluit beide formele en informele uitstappies in. CapeNature het sodoende gasheer gespeel vir sowat 30 000 jongmense gedurende die verslagperiode.

Bewaring in die klaskamer:
CapeNature werk tans saam met die Departement van Onderwys aan 'n opwindende nuwe projek om by die Opvoeding Bestuursontwikkelingsentrum - Suid in Khayelitsha beste praktyke modelle vir die Departement van Onderwys te ontwikkel. Dit sal as standaard gebruik word vir ander sentrums regoor die land. CapeNature is genooi om insette in hierdie proses te maak. Dit bied opwindende geleenthede om:

- 'n denkwyse oor geïntegreerde biodiversiteitsbewaring in te sluit in die hoofstroom denkrigting van onderwys op 'n nasionale vlak; en om
- die metodes en tegnieke wat CapeNature se jeugontwikkelingsprogramme gebruik te sinchroniseer met hoofstroom opvoeding.

Volhoubare ontwikkeling:
'n Uitvloeisel van die Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling was die verklaring van 'n "Dekade van Opvoeding oor Volhoubare Ontwikkeling". CapeNature werk nou saam met die Departemente van Onderwys en Ekonomiese Ontwikkeling in die Wes-Kaap om hierdie projek te inisieer en sal in die posisie wees om verslag te doen oor die vordering wat hiermee gemaak is gedurende die volgende verslagperiode.

7 PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING: VOORSIENING VAN MEER AS 1760 WERKGELEENTHEDE

CapeNature probeer waar moontlik sy inisiatiewe ontwerp om sosio-ekonomiese voordele primêr deur die verskaffing van werkgeleenthede te bied. Die programme wat tans in werking is, sluit in:

- Werk vir Water
- Werk op Vuur
- Werk vir Vleilande
- Bobbejaanmonitering
- CoastCare (skoonmaak van kuslyne van opdrifsels)
- Inisiatiewe rondom gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur

Tot op hede het meer as 30 projekte meer as 1760 werkgeleenthede geskep (34% vir vroue, 35% vir mans, 31% vir jongmense).

Dan is daar ook die Driftsands Omgewingsentrum - nog 'n projek wat deur die Nasionale Armoedeverligtingsprogram befonds word. Met 'n begroting van by die R8 miljoen behels hierdie projek die bou van 'n amfiteater, die verbetering van die konferensiefasiliteite, uitbreidings aan die waterbesparende tuin, die skep van muurskilderye en "kunsmure" en die konstruksie van parkeerfasiliteite vir busse. 'n Staproete van 4km wat ook geskik is vir rolstoele, sal ook vanaf die sentrum tot by die kunsmatige dam ontwikkel word waar 'n verskeidenheid voëllewe gesien sal kan word. Vyf gemeenskapsbewaringsbeamptes, 'n finansiële en administrasiebeampte, 'n projekkoördineerder en 'n bemarkingsbeampte is reeds aangestel. Na voltooiing van die omgewingsimpakstudie sal begin word met die tenderproses vir die verskillende konstruksiegeleenthede. Dit sal minstens 100 werksgeleenthede aan die plaaslike gemeenskap verskaf.

Daarbenewens ontvang vyf verdienstelike swart eerstejaarstudente aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie studeer vir 'n diploma in Natuurbewaring, beurse wat deur CapeNature gefasiliteer is. Een tweedejaar student se studies word ten volle deur CapeNature befonds. Ondersteuningstelsels is in plek vir al ses studente. Die projek om beroepe in bewaring te bevorder is besig om momentum op te bou soos wat al hoe meer jongmense vanuit die aangewese groep belangstelling begin toon in bewaring as 'n loopbaanopsie.

8 GEMEENSKAPS-GEBASEERDE NATUURLIKE HULPBRONBESTUUR

CapeNature se visie om 'n Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap te vestig het reeds vir 'n geruime tyd gemeenskapsbetrokkenheid op voetsoolvlak ingesluit. Met dit ten doel dryf CapeNature 'n reeks van inisiatiewe:

Gemeenskapstuine
CapeNature het onlangs 'n gemeenskapskwekery en voedseltuinprogram by die Paarl Ikhwezi Sentrum van stapel gestuur om armer huishoudings en die Rastafariese gemeenskap te help om hul eie groente, inheemse plante en kruie te kweek en verkoop. Hierdie vennootskap word gestruktureer tussen CapeNature, die Departement Waterwese en Bosbou (wat die infrastruktuur vir die kwekery verskaf het), die Drakenstein Munisipaliteit en Shell. Laasgenoemde het onderskeidelik R120 000 en R160 000 bygedra. 'n Soortgelyke program word nou ook beplan vir Thembalethu in George. 'n Vennootskap tussen die Witfontein gemeenskap, die Thembalethu Kleinboere Vereniging en die Organiese Plase Groep is hierby betrokke.

Die bestuur van tradisionele medisinale hulpbronne:
'n Ooreenkoms is met tradisionele geneeshere van die Paarl bereik oor die volhoubare versameling van medisinale of plante. 'n Loodsprojek is tans aan die gang in die gebied. 'n Reeks Tradisionele Geneeshere Indabas het plaasgevind in gebiede waar die gebruikers van tradisionele medisinale bronne aangedui het dat hulle graag CapeNature se reservate wil gebruik om dit te versamel. CapeNature gebruik hierdie indabas om die sleutelkwessies duidelik te verduidelik. Die relevante wetgewing, wyses van samewerking asook die tipes permitte en lisensies wat verband hou met die versameling en besit van fauna en flora word onder meer bespreek.

'n Beleid oor volhoubare benutting en gebruik word tans saamgestel om hierdie program te ondersteun. Dit is gebaseer op navorsing wat deur die Universiteit Stellenbosch gedoen is oor die natuurlike produkte wat gebruik en/of verkoop word in die Kaapstad en Boland metropolitaanse gebiede. Die grootste doelwit van hierdie beleid is om die behoefte van biodiversiteitsbewaring en menslike gebruik te versoen.

Ontwikkeling van plaaslike besighede:
Kwekerye is ook op die been gebring in die Sederberggebied waar rooibostee en boegoe saailinge gekweek word. Dit sal vir ekonomiese doelwitte op privaatgrond gegroei kan word.

Dit sal verhoed dat, soos wat tans die geval met boegoe is, dit gestroop word vanuit natuurreservate nie.

Gemeenskapsforums:
CapeNature het suksesvol befondsing van R202 000 ontvang wat primêr gebruik sal word om forums vir gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronne op die been te bring. CapeNature beplan om die bewaringsboodskap hierdeur te versprei en ondersteuning vir plaaslike inisiatiewe te verskaf.

9 EENHEID VIR DIE BEKAMPING VAN OMGEWINGSMISDAAD

In terme van biodiversiteitsdiversiteit is Suid-Afrika die derde rykste land ter wêreld. Die Wes-Kaap is ook die tuiste van een van die wêreld se ses plantkoninkryke, waar groot getalle endemiese plante en diere gevind word. Omdat hier so 'n verskeidenheid van biodiversiteit voorkom, is die Wes-Kaap soos 'n magneet wat kriminele lok wat spesialiseer in die smokkel van fauna en flora. Dit dra wesenlik by tot die uitwissing van ons natuurlike hulpbronne, habitats en biodiversiteit. Ongelukkig kom die handel in bedreigde spesies internasionaal grootskaals voor. Omgewingsmisdaad is gewoonlik die gevolg van berekende besigheidsbesluite. 'n Baie klein proporsie van omgewingsmisdaad word gepleeg uit desperaatheid of weens behoeftigheid. Omgewingsmisdaad is aan die uitbrei, met voorvalle van diefstal van flora wat in die afgelope paar jaar verdubbel het. Oortredings ten opsigte van fauna het selfs meer dramaties gestyg gedurende dieselfde periode.

CapeNature het 'n baie doeltreffende misdaadbekampingseenheid wat hierdie bedreigings hokslaan. Die eenheid het heelwat belangrike suksesse behaal en het 102 sake gefinaliseer en 71 nuwe hoë profiel sake aangevat gedurende die verslagperiode. Onder die onlangse suksesse is die volgende:

- 'n Onwettige wildhandelaar is gedurende Julie 2005 gevonnis met 'n boete van R750 000 of nege jaar tronkstraf. Hierdie vonnis het skokgolwe deur die wildbedryf van die Wes-Kaap gestuur.
- In April 2005 is twee buitelanders gestraf met 'n boete van R100 000 of vyf jaar tronkstraf weens die onwettige pluk van vetplante sonder 'n permit.
- Twee persone is gedurende Augustus 2005 gevonnis tot 'n boete van R35 000 of 21 maande tronkstraf elk nadat hulle proteas gepluk het sonder 'n permit.

Die geskiedenis het gewys dat die gemeenskap baie belangstel in sake wat verband hou met omgewingsmisdaad. Talle artikels oor hierdie kwessie is in plaaslike, nasionale en internasionale koerante en joernale gepubliseer en het op talle Internet nuuswebbladsye verskyn. Lede van die eenheid het ook reeds verskyn op die nuusprogramme van die SABC en e-tv, asook CNN en Carte Blanche. Onderhoude is uitgesaai deur 'n verskeidenheid radiostasies, onder meer CapeTalk 567, SAfm, RSG, CCFm, Bush Radio en SABC Africa. Hierdie blootstelling het baie gedoen om omgewingsmisdaad in die kollig te plaas, asook CapeNature se vermoë om dit suksesvol te bekamp.

Die eenheid was ook by die volgende opleidingsaksies betrokke:

- Opleiding as vredesbeamptes vir 154 CapeNature personeellede (veldwagters, natuurbewaarders en besigheidseenheidbestuurders).
- CapeNature personeel is deel van operasies as deel van hul indiensopleiding.
- Basiese opleiding wat verband hou met die ordonnansie en omgewingsmisdaad is aangebied vir 25 studente van die Jeugdiensprogram.
- Opleiding oor natuurbewaringswetgewing is verskaf aan 29 staatsaanklaers en 20 advokate van die Nasionale Vervolgingsgesag.
- Opleiding oor wetstoepassing is gegee aan verskeie beamptes van plaaslike regerings in die Overberg Munisipaliteit en die Stad Kaapstad.

10 VENNOOTSKAPPE

Dit is uiters belangrik om die belang van vennootskappe in die ontwikkeling van 'n Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap te verstaan. Die skaal en kompleksiteit van hierdie uitdaging is eenvoudig so groot dat dit nie haalbaar is sonder 'n uitgebreide netwerk van vennootskappe nie. Bewaring en ekonomiese ontwikkeling is in die verlede in isolasie van mekaar onderneem. Ons verstaan nou dat die enigste werkbare manier is om doelwitte te versoen, hulpbronne saam te voeg en saam te werk deur vennootskappe.

Die Kaapse Aksieplan vir Mense en die Omgewing (C.A.P.E.) – befonds deur die Global Environmental Facility, gekoördineer deur die Suid-Afrikaanse Biodiversiteitsinstituut (SANBI) en grootliks geïmplementeer deur CapeNature in die Wes-Kaap – is 'n voorbeeld van 'n vennootskap van netwerke wat tasbare resultate ten opsigte van biodiversiteitsbewaring lewer. Dit bring hoop aan heelparty mense wat ly weens werkloosheid en armoede. Soortgelyke vennootskappe bestaan vir die Vetplant Karoo bioom (SKEP) en die Subtropiese Ruigteveld bioom (STEP).

'n Voorbeeld van nog 'n belangrike vennootskap is die nasionale Riviergesondheidsprogram van die Departement Waterwese en Bosbou (DWB). Dit het ten doel om die status van Suid-Afrika se riviere te bepaal en hul algemene gesondheid en toestand te verbeter. CapeNature het 'n vennootskap gesluit met DWB waardeur 'n span van vier jong akwatiese wetenskaplikes – die meerderheid vanuit die histories benadeelde gemeenskappe – verbonde is aan die Wetenskaplike Dienste Eenheid. Die projek is die afgelope drie jaar deur DBW befonds. Hierdie span voer die program in die Wes-Kaap namens die Departement uit. In die afgelope jaar het die span drie Stand van Riviere verslae die lig laat sien.

Hierdie vennootskap blyk baie suksesvol te wees, en is 'n model wat elders van stapel gestuur kan word. Die span, wat deur 'n projekbestuurder gelei word, werk streng volgens 'n DBW goedgekeurde besigheids- en operasionele plan. Hulle het reeds riviergesondheidsassesserings vir al die belangrikste riviersisteme in die Wes-Kaap saamgestel (behalwe vir die Breërivier). Dit sluit onder meer die Tuinroete (Gouritsrivier en andere), die Overberg, die Skiereiland, die Olifants-/Doornriviere en die Bergrivier in.

Aangesien vennootskappe so 'n integrale deel is van CapeNature se programme, is dit gepas om die uiters belangrike bydrae van ons sleutelvennote te erken:

- Alle provinsiale departemente en openbare entiteite, veral die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
- Die nasionale departemente van Landbou, Waterwese en Bosbou, asook Omgewingsake en Toerisme
- Kaapse Aksieplan vir Mense en die Omgewing
- Vetplant Karoo Ekosisteem Program
- Subtropiese Ruigteveld Ekosisteem Program
- Tersiêre instellings
- Suid-Afrikaanse Biodiversiteitsinstituut
- Suid-Afrikaanse Nasionale Parke
- Die bewaringsagentskappe van ander provinsies
- Plaaslike regerings
- Wereldwye Fonds vir die Natuur (WWF)
- Botaniese Vereniging van Suid-Afrika
- Conservation International
- Kaapstad Toerisme

ALGEMENE OORSIG

Die Bou van 'n Bewaringsekonomie –
Die ontwikkeling van CapeNature se kapasiteit

Die ontwikkeling van menslike hulpbronkapitaal

Die voortgesette haalbaarheid van sy visie hang van CapeNature se vermoë af om die hulpbronne byeen te bring wat nodig is om sy belangrike leierskapsrol te kan voortsit. Die kernboustene van kapasiteit waardeur CapeNature sy visie en doelwitte kan bereik, is sy mense - sy menslike hulpbronkapitaal, finansiële hulpbronne en sy organisatoriese prestasiebestuur.

Vir sy sukses steun CapeNature swaar op die kundigheid en professionalisme van sy bestuur en personeel. Dit is daarom ten volle verbind tot die multi-dimensionele uitdagings van sy menslike hulpbronkapitaal: die aanstelling en behoud van die regte mense vir die regte werkgeleentheid, die beloning en erkenning van personeel se bylaes, en beplanning vir suksessie. Die realiteit is egter dat die onlangse finansiële beperkinge die uitstel van talle programme wat gewoonlik onderneem sou word, veroorsaak het.

Om die uitdagings van die finansiële beperkinge te bowe te kom, is onbefondsde en onderbefondsde ontwikkelings- en opleidingsprogramme asook werwingsaksies sover moontlik beperk. Dit het daartoe gelei dat 26 van die 48 nuwe aanstellings wat gedurende die 2005/2006 periode gemaak is, vanuit eksterne bronne befonds is. Slegs 22 aanstellings is self befonds. Gedurende dieselfde periode is die werkskontrakte van 30 personeellede beëindig, waarvan die meeste selfbefondsde posisies was. Die meerderheid hiervan was posisies wat deur die Raad befonds is. Die oorblywende personeellede het uiters goed gereageer op die verhoogde druk en was baie kreatief in die maniere wat hulle bedink het om dienste en standaarde vol te hou. Planne is in plek vir die volgende finansiële jaar om die dringendste personeeltekorte aan te spreek en om weer te kan voortgaan met ontwikkelings- en opleidingsprogramme.

Die mees dringende kwessie wat CapeNature op hierdie gebied in die gesig staar is die feit dat die organisasie hewiglik ly weens 'n gebrek aan hulpbronne. Dit is bevestig deur 'n onafhanklike Besigheidsoorsig. Teen die einde van die finansiële jaar was 99 onbefondsde posisies op verskillende vlakke in die organisasie nie gevul nie. Die koste van indiensneming as 'n persentasie van die operasionele koste het van 46% tot 49% gestyg, terwyl die omset van personeellede konstant gebly het op 10%. Kritiese vaardigheidsgebiede sluit in wetenskaplikes, voorligtingspersoneel en projekbestuurders.

Benewens hierdie kwessies is daar ook 'n dringende behoefte vir bestuursontwikkeling binne die organisasie. As deel van die proses om die organisasie te "professionaliseer" moes talle personeellede bestuursverantwoordelikhede aanneem waarvoor hulle nie noodwendig toegerus was nie. CapeNature is reeds vir 'n geruime tyd daartoe verbind om professionalisme op alle vlakke binne die werksplek aan te moedig en te erken. Daarom is dit verblydend om te rapporteer dat 'n Individuele Prestasiebestuursprogram vir alle personeel geïnisieer is.

Die ander groot prioriteit is ten opsigte van administrasie. Nadat CapeNature verantwoordelikheid aanvaar het vir sy eie menslike hulpbronbestuur het dit gefunksioneer sonder 'n formele rekenaargebaseerde menslike hulpbron administrasiesisteem. Ad hoc oplossings is geskep, maar dit was onmoontlik om 'n hoë kwaliteit van menslike hulpbronondersteuning in tandem met 'n vinnig-ontwikkelende CapeNature te kon verskaf. Die beplanning van 'n progressiewe Menslike Hulpbronne Informasie Bestuursisteem is nou suksesvol voltooi, en CapeNature sien daarna uit om hierdie kardinale ondersteuningsfunksie in die nuwe finansiële jaar te operasionaliseer.

Enkele sleutelstatistiek ten opsigte van menslike hulpbronne word in die onderstaande tabelle gereflekteer in terme van werwing, indiensneming, vakatures en gelykheid.

Diensgelykheid

Die oorhoofse demografie en verteenwoordiging van die organisasie is as volg: 66% manlik, 34% vroulik, 54% Bruin, 32% Wit, 14% Swart.

Die totale getal werknemers (insluitend werknemers met gestremdhede) vir elkeen van die gespesifiseerde beroepsvlakke is soos op 31 Maart 2006 as volg:

Beroepsvlak	MANLIK					VROULIK					
	Swart	Bruin	Indiër	Blank	**Totaal**	Swart	Bruin	Indiër	Blank	**Totaal**	**TOTAAL**
Topbestuur	0	1	0	2	**3**	0	1	0	1	**2**	**5**
Senior bestuur	1	3	0	13	**17**	0	1	0	3	**4**	**21**
Middelvlak bestuur	1	11	0	42	**54**	4	7	0	21	**32**	**86**
Junior bestuur	13	100	0	18	**131**	2	18	0	23	**43**	**174**
Semi-geskoold	7	20	0	1	**28**	10	39	0	21	**70**	**98**
Ongeskoold	25	49	0	2	**76**	0	5	0	1	**6**	**82**
Totaal permanent	**47**	**184**	**0**	**78**	**309**	**16**	**71**	**0**	**70**	**157**	**466**

Werwing vir die periode 1 April 2005 tot 31 Maart 2006 (insluitend werknemers met gestremdhede) in elkeen van die genoemde beroepsvlakke:

Werwing April 05 - Maart 06	MANLIK					VROULIK					
	Swart	Bruin	Indiër	Blank	**Totaal**	Swart	Bruin	Indiër	Blank	**Totaal**	**TOTAAL**
Topbestuur	0	0	0	0	**0**	0	0	0	0	**0**	**0**
Senior bestuur	1	0	0	0	**1**	0	0	0	0	**0**	**1**
Middelvlak bestuur	0	2	0	0	**2**	0	2	0	2	**4**	**6**
Junior bestuur	0	2	0	1	**3**	0	2	0	3	**5**	**8**
Semi-geskoold	1	3	0	0	**4**	2	6	0	1	**9**	**13**
Ongeskoold	19	1	0	0	**20**	0	0	0	0	**0**	**20**
Totaal	**21**	**8**	**0**	**1**	**30**	**2**	**10**	**0**	**6**	**18**	**48**

Beperkinge wat kapasiteit beïnvloed

Knelpunte ten opsigte van finansiële kapasiteit het talle areas van die besigheid benadeel. Menslike hulpbronne het die meeste hieronder gely, met sleutelposisies wat vakant moes bly. In terme van besigheidsontwikkeling het 'n gebrek aan kapitaal die onderhoud en uitbreiding van toerismeprodukte gekortwiek. Dit het 'n negatiewe impak gehad op die inkomste wat deur hierdie afdeling gemaak kon word. Algemene operasionele funksies is ook ernstig benadeel deur die gebrek aan finansies en mannekrag. Die oordeelkundige bestuur van 'n toenemende getal veldbrande, sowel as die uitroeiing van indringerplantegroei om watersekuriteit te verseker en bedreigde biodiversiteit te bewaar, is twee belangrike voorbeelde in hierdie verband.

Dienste, tariewe en die generering van inkomste

Kommersiële dienste wat deur CapeNature gelewer word val binne drie breë kategorieë: toerismeprodukte, verfilmingsterreine, asook fauna en flora permitte en lisensies. Tariewe vir toerismeprodukte is markverwant en word jaarliks hersien. Verfilmingspermitte word aan produksiemaatskappye uitgereik volgens tariewe wat bepaal word deur faktore soos die terrein, administrasie en personeel daarmee verbonde, die omgewingsimpak van die verfilmingsprojek en die tipe produksie. CapeNature reik ook permitte en lisensies uit met betrekking tot fauna, flora, jag, varswatervisspesies, binnelandse waters en die Konvensie oor die Internasionale Handel in Bedreigde Spesies Wilde Fauna en Flora (CITES). Tariewe word vasgestel in konsultasie met relevante liggame, organisasies en rolspelers.

CapeNature se huidige operasionele strategie erken dat befondsing altyd 'n beperking sal wees. Daarom is CapeNature besig om 'n kultuur van "finansiële kreatiwiteit" regdeur die organisasie te kweek, in terme waarvan bestuurders aangemoedig word om geleenthede te soek waardeur nuwe bronne van inkomste geskep kan word. Dit kan tipies gedoen word deur toerisme, vennootskappe en geldelike toekennings.

CapeNature is ook daartoe verbind om sy finansies op so 'n wyse te struktureer dat dit, met verloop van tyd, 'n groter proporsie van sy finansies jaarliks kan gebruik om nie net operasionele bedrywe te finansier nie, maar ook te kan belê in projekte wat op hul beurt toekomstige inkomste sal verseker. Hierdie aanslag is van kardinale belang indien CapeNature homself suksesvol wil posisioneer as 'n effektiewe kanaal waardeur beleggings in die landelike ekonomie gemaak kan word.

Die befondsing van CapeNature se aktiwiteite is tans afkomstig van twee hoofbronne:

Regeringsbefondsing
Die belangrike ondersteuning deur die Wes-Kaapse Regering word steeds voortgesit, met 66% van CapeNature se 2005/2006 inkomste wat uit hierdie bron ontvang is. Dit sluit 'n kapitale toekenning van R7.5 miljoen in. CapeNature het gefokus op die ontwikkeling van sy verhouding met die Wes-Kaapse Regering en is bemoedig deur die toenemende ondersteuning wat dit ontvang. CapeNature is ook terdeë bewus van die moontlikheid van verdere befondsing wat beskikbaar is vanaf die Provinsiale en Nasionale Regerings. Die organisasie spits hom dus daarop toe om meer effektief te wees om toegang tot hierdie fondse te bekom, veral in die strewe om die Bewaringsekonomie uit te brei. CapeNature glo dat die organisasie homself reeds bewys het as 'n baie suksesvolle implementeringsagent vir die Uitgebreide Openbare Werke Programme. CapeNature het meer as 1760 werksgeleenthede geskep en amper R30 miljoen van die Nasionale Regering in hierdie verband ontvang (meer as 40% van ons Provinsiale toekenning).

Inkomste wat self gegenereer is:
CapeNature is trots op die positiewe resultate wat dit behaal het om sy eie fondse te genereer. Fondse wat deur toerisme ingesamel is, het onlangs die R10 miljoen merk oorskry, met fondswerwing en projekte wat 'n verdere R13.5 miljoen bygedra het.

Die CapeNature handelsmerk is goed geposisioneer in die toerismemark, met kreatiewe innovasies soos die WILD Card wat bydra tot 'n goeie toename in toeriste wat CapeNature se fasiliteite gebruik. Gedurende 2005/2006 het meer as 110 000 toeriste CapeNature se fasiliteite gebruik, in teenstelling met die 90 000 besoekers van die vorige jaar. Indien CapeNature egter verder hierdie bron van inkomste wil ontwikkel, sal die toerismeprodukreeks kreatief onderhou, herontwikkel en uitgebrei moet word. Niewinsgewende en uitgediende produkte sal herstruktureer of selfs geskrap moet word, moderne produkaanbiedings vir verskillende inkomstegroepe sal ontwikkel moet word, terwyl die meer aggressiewe kommersialisering van bates ondersoek sal moet word. 'n Groot deel van hierdie beplanning en navorsing hieroor word reeds onderneem en voorstelle daaroor sal gedurende die nuwe finansiële jaar die lig begin sien. 'n Veel groter belegging sal ook gemaak moet word in die onderhoud van basiese infrastruktuur.

CapeNature gaan voort om openbare-private vennootskappe na te streef om kapitale investering vir die opgradering van bestaande toerismefasiliteite en die ontwikkeling van nuwe toerismeprodukte moontlik te maak. Die konsessie vir die Thesen en Fourie hutte by Robberg is reeds toegeken, maar onderhandelinge is nog nie afgehandel nie. 'n Toerisme Openbare-Private Vennootskap by De Hoop Natuurreservaat is op 'n stadium waar 'n hersiene opsie oorweeg word.

Organisatoriese prestasiebestuur

Onder die vaandel van 'n "monisterings- en evaluasieprojek" het CapeNature begin om te verseker dat alle doelwitte duidelik omskryf en gekwalifiseer is. Nuwe verslagdoeningsprosesse, in lyn met die Provinsie se Jaarlikse Prestasieplan protokols word ontwerp en in plek gestel om te verseker dat alle verantwoordelike partye maklik en effektief verslag kan doen oor vordering in terme van doelwitte waarop ooreengekom is. Dit is 'n enorme uitdaging, aangesien die meeste van CapeNature se werk binne vennootskappe verrig word. Verslagdoening en om alle partye ingelig te hou is daarom 'n komplekse taak. Die plan is om verslag te begin doen oor hierdie doelwitte deur vanaf die einde van die eerste kwartaal van die 2006-2007 finansiële jaar gebruik te maak van die Provinsiale Jaarlikse Prestasieplan.

CapeNature het sy eie "Corporate Dashboard" met verloop van tyd ontwikkel. Die haalbaarheid van spesifieke sleutel prestasiedoelwitte word geëvalueer volgens teikens wat as redelik beskou word vir 'n bewaringsorganisasie wat onder soortgelyke befondsing- en kapasiteitsregimes funksioneer. Die volgende matriks bevat 'n opsomming van resultate in hierdie verband:

CapeNature Organisatoriese Prestasie

CapeNature **Visie**	om 'n bewaringsekonomie in die Wes-Kaap te vestig en om biodiversiteitsbewaring in te bed as 'n sleutelkomponent van plaaslike ekonomiese ontwikkelingsprosesse in die provinsie.
CapeNature **Missie**	om biodiversiteitsbewaring deel te maak van hoofstroom plaaslike ekonomiese prosesse en om 'n bewaringsekonomie in die Wes-Kaap tot stand te bring.
CapeNature **Waardeaanbod**	om biodiversiteitsbewaring op so 'n manier te verrig dat ons toegang verskaf tot sosio-ekonomiese geleenthede aan die stedelike en landelike gemeenskappe wat ons dien.
CapeNature **Verdere Doelwit**	om ons aanslag tot biodiversiteitsbewaring, ons kenniskapitaal en institusionele vermoëns uit te brei na ander rolspelers en gemeenskappe in die wêreld.

MEETBARE KERNDOELWITTE	SLEUTELINDIKATORE VAN PRESTASIE	TEIKEN	BEREIK
1. Plaaslike biodiversiteitsbewaring in PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPROGRAMME			
1.1 Getal Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprojekte (PEO) wat geïnisieer en op die been gebring is	Nuwe projekte van stapel gestuur	15	30
1.2 Getal mense wat voordeel getrek het uit PEO projekte	Getal werkgeleenthede geskep	1200	1762
2. Belegging in MENSLIKE HULPBRONKAPITAAL			
2.1 Uitbouing van kapasiteit om strategiese leemtes ten opsigte van vaardighede te vul	Suksesvolle aanspreek van prioriteit leemtes ten opsigte van vaardighede wat geïdentifiseer is (getal mense wat opgelei is)	300	280
2.2 Implementeer Prestasiebestuursisteem	Prestasieooreenkomste in plek vir alle personeellede	100%	98%
2.3 Personeelprofiel reflekteer die Wes-Kaapse demografie	Swart Afrikane verteenwoordiging	12%	14%
3. Generering van vlakke van INKOMSTE wat nodig is om die waardeaanbod te verseker			
3.1 Mate waartoe nuwe inkomstegeleenthede behaal/vasgemaak word deur:			
a. Fondswerwing	Totale inkomste	R42.2m	R45m
b. Toerisme, verfilming, WILD Card inkomste	a. Fondswerwing	R10m	R13.5m
c. Verhoogde regeringsbefondsing	b. Toerisme, verfilming, WILD Card	R12.2m	R14.5m
3.2 Ontwikkel besigheid/kommersiële en fondswerwingsvernuf binne CapeNature	c. Verhoogde regeringsbefondsing	R20m	R15m
	Verbeterde besigheidsvernuf (biodiversiteit en kommersialisering)	Brei inkomste uit en gebalanseerde besluitneming deur senior personeel	Sukses met inkomste en gebalanseerde resolusies van die Streeksbestuurskomitees
4. Verbeter die invloed en kwaliteit van BIODIVERSITEITSBESTUUR			
4.1 Brei bewaringsgrondgebied uit	Bykomende hektare	20 000ha	21 000ha (12 500ha WWF aanskaffing + 8 500ha Bewaringsvoogdyskap)
(a) verkry nuwe grondgebied van hoë bewaringsbelang			
(b) samewerkingsooreenkomste (Bewaringsvoogdyskapsprogram)	Nuwe kontraktuele reservate en Biodiversiteitsbestuursooreenkomste	10	15
4.2 Verskerpte georganiseerde ondersteuning deur vrywilligers	Vrywilliger ure	5000	3 912
4.3 Verskerpte effektiwiteit en invloed van biodiversiteitsbestuur	Gebied skoongemaak van uitheemse indringerplantspesies	139 000ha	112 000ha
	Getal Werk op Vuur spanne op natuurreservate	10	10
	Ontwikkeling van 'n korporatiewe brandbeleid	Ontwikkel eerste weergawe	Ontwikkel en geïmplementeer
	Biodiversiteitsondersteuning en advies aan ander provinsies	Verskaf hulp aan twee provinsies	Suksesvolle bekendstelling van bewaringsinligting bestuursisteem in vier provinsies. Ook Bewaringsvoogdyskapsprogram, Jeugontwikkeling, Misdaadvoorkoming en Riviergesondheidbestuur na twee ander provinsies. Leiding met 'n Wildlewe Skadekontrolestrategie vir alle SA bewaringsagentskappe
	Aanspreek van hoë profiel omgewingsmisdaad	Registreer 50 nuwe sake	71 nuwe sake geregistreer en 102 bestaande sake gefinaliseer
5. Bou van toepaslike VENNOOTSKAPPE		20	25
5.1 Getal nuwe vennootskappe	Werksooreenkomste in plek	Gereelde vergaderings met vennote om tevredenheid (of gebrek daaraan) met vordering te bepaal	Bevredigende vordering gemaak met 20. Twee vennootskappe gesluit in Maart 2006 (vordering kan nog nie gemeet word nie). Vernaamste vennootskappe (Werk vir Water, Werk op Vuur, C.A.P.E.) – sien Algemene Oorsig vir meer detail
5.2 Vennootskappe wat in lyn is met vasgestelde kriteria vir sukses, met gunstige vordering wat gemaak is om doelwitte te bereik	Gereelde vergaderings met vennote om vordering te herbevestig		
5.3 CapeNature se volgehoue ondersteuning van vennootskappe bewys	Vennote bevestig bevredigende vordering met die vennootskap en kry genoegsame erkenning daarvoor (formeel en informeel)	Tevrede vennote	Moeilik meetbaar. Bevredigende vordering met 80% van vennote (ander 20% minder as bevredigend – onrealistiese doelwitte en verwagtinge wat weer gekalibreer moet word)
6. Fokus op JEUGONTWIKKELING		20 000	> 30 000
6.1 Getal mense wat voordeel trek uit die Jeugontwikkelingsprogramme	Getal begunstigdes	5	5
6.2 Ontwikkeling van Jeugontwikkeling Hulpbronsentrums (eerste fase)	Getal terreine		
7. ONDERSTEUNING VAN SUKSES			
7.1 Om informasie- en bestuursisteme toenemend te integreer en uit te brei	Verbeterde biodiversiteitsinformasie bestuursisteme regdeur alle besigheidseenhede	Implementeer binne al 10 besigheidseenhede	Gedoen
	Finansiële herstelplan opgestel, ingedien en geïmplementeer	Finaliseer herstelplan	Plan gefinaliseer, ingedien by Tesourie. Organisasie finansieel stabiel
	Ontwikkeling en gefasseerde implementering van die Elektroniese Permitstelsel	Implementeer by Hoofkantoor	Geïmplementeer by Hoofkantoor en berei voor vir tweede fase na besigheidseenhede

Algemene Finansiële Oorsig

Die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad (WKNBR), wat as CapeNature handel dryf, is 'n statutêre organisasie wat gerig word deur die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad Wetgewing van 1998, soos gewysig. Dit is primêr betrokke met natuurbewaring en die bestuur van biodiversiteit, sowel as ekotoerisme, omgewingsopvoeding en wetstoepassing.

Die finansiële posisie van CapeNature se besigheid en operasies word duidelik uiteengesit in die aangehegde finansiële state. Geen wesenlike gebeurlikhede het plaasgevind in die periode tussen die jaareinde en die verslagdatum nie.

CapeNature het gedurende die afgelope jaar 'n netto surplus van R3.7 miljoen (2005: R6.3 miljoen tekort) getoon. Die verbetering in die surplusinkomste spruit uit 'n 16% styging in toerismeverwante inkomste, terwyl R3.4 miljoen onvoorwaardelik ontvang is. Daar was ook 'n R2.5 miljoen afname in operasionele kostes. Hierdie gunstige resultate word toegeskryf aan doelbewuste optrede deur bestuur om 'n verandering te maak in die vorige jaar se tekort en kontantvloeiprobleme. Teen die verslagdoeningsdatum het die organisasie die situasie van die vorige jaar omgekeer en was dit in 'n positiewe kontantposisie. Daar is alle aanduidings dat hierdie positiewe toedrag van sake volgehou sal word in die volgende finansiële jaar.

Die balansstaat het hierdie jaar verbeter, met 'n sterker likwiditeit en betalingsvermoë ratios. Kontantbalanse het gestyg met R14.4 miljoen, grootliks weens verhoogde projekbefondsing. Vir die eerste jaar kapitaliseer CapeNature ook bates wat deur sy eie bronne geskep is. Hierdie kapitalisering word beskou as huurbesit verbeteringe aangesien die organisasie nie die meeste van die grondgebied wat dit bestuur besit nie. Dit lê by die Staat. Verhoogde uitgestelde betaling van R19.6 miljoen (2005: R8.1 miljoen) reflekteer die sukses van die organisasie om borge en befondsers vir spesifieke projekte te verseker. Hierdie projekte is 'n kombinasie van kapitale en operasionele befondsing.

CapeNature het gedurende die verslagperiode gederegistreer vir BTW danksy veranderinge in die toepaslike wetgewing.

Die korttermyn finansiële posisie is gesond, maar oor die medium- en langtermyn hang die organisasie se vermoë om al sy mandate te vervul af van die verkryging van addisionele befondsing vir teenswoordige kernuitgawes. Voldoende befondsing vir sleutelbewarings- en biodiversiteitstake bly 'n wesenlike vraagstuk. Ten spyte van die betrokkenheid van instellings soos die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Werk vir Water, Mariene en Kusbestuur, die Wêreldbank se Global Environmental Facility via C.A.P.E., ander regeringsbydraes en befondsingsinisiatiewe is meer fondse nodig om kernbewaringsmandate te kan vervul en om die ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur te verseker. In die 2005/2006 begroting is R7.5 miljoen voorsien vir 'n oordragbetaling vanaf bogenoemde departement vir spesifieke kapitale uitgawes. Bestuur glo dat CapeNature genoegsame hulpbronne in plek het om voort te gaan om dienste te lewer vir die afsienbare toekoms, maar teen die huidige vlak van dienslewering.

Interne oudit

CapeNature se interne ouditfunksie is uitgekontrakteer aan 'n konsortium van twee diensteverskaffers en hersien deur die Ouditkomitee. Dit was nie moontlik vir een van die diensteverskaffers om die nodige diens betyds gedurende verslagperiode te lewer nie. Dit het bygedra tot die vertraging in die implementering van die drie-jaar ouditplan, wat na afloop van besprekings in Januarie 2006 aanvaar is. Kontantvloei en begrotingsprobleme het verder daartoe bygedra dat die interne ouditplan nie volgens skedule verloop nie. Twee interne oudits wat verband hou met menslike hulpbronne en verskaffers is gedurende die jaar voltooi, terwyl 'n verdere twee nog nie uitgevoer is nie. Laasgenoemde oudits sal in die toekoms hanteer word danksy die ontwikkeling en implementering van 'n moniterings- en evalueringsprotokol vir biodiversiteit en bewaringsdienste.

Strategiese en operasionele beplanningsraamwerk

CapeNature funksioneer tans volgens 'n vyf-jaar strategiese beplanningsraamwerk, sowel as 'n jaarlikse prestasieplan. Dit word, namate ons meer ondervinding opdoen, van jaar tot jaar verbeter. In wese sal CapeNature 'n rigting inslaan waardeur die grootste waarde vir ons geld verseker kan word. Dit sal 'n veel groter gekoördineerde en geïntegreerde beplanningsproses noodsaak. Selfs meer belangrik is dat dit 'n selfs groter verbintenis van CapeNature se bestuur en personeel sal noodsaak om te verseker dat die oorkoepelende doelwitte bereik kan word. Die hoofdoelwit sal hoë impak wees, en nie noodwendig hoë frekwensie nie.

CapeNature sien daarna uit om in die volgende verslagperiode nuus van selfs beter vordering mee te deel in terme waarvan ons voortgaan om 'n suksesvolle Bewaringsekonomie in die Wes-Kaap te skep – tot voordeel van al ons inwoners en die toekomstige geslagte. Ons glo dat CapeNature die vermoë ontwikkel het om een van die mees aktiewe vakmanne te wees in die Wes-Kaap se konstruksiespan om 'n "Tuiste vir Almal" te verseker.

STEFANUS BEKKER
Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte

"As ons ons heel beste vir al die kinders van vandag gee, en as ons ons planeet in al die volheid van haar skoonheid en natuurlike rykdom agterlaat, sal ons die kinders van die toekoms kan dien."

Nelson R Mandela in *Towards Gondwana Alive*, 2001